Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP MAANDAG, 11 APRIL 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Voorsieningskanaalbestuur, mnr P J Swart
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 16 MAART 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 Maart 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 6 APRIL 2016

5.1.1/...

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 6 APRIL 2016

6.1.1 ITEM 9.1: NOTULE VAN SALGA WERKSGROEP: EKONOMIESE ONTWIKKELING EN BEPLANNING (11/1/1/24)

Rdl M Rangasamy verteenwoordig die Raad op die Salga Werksgroep vir Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning. Aangeheg tot die sakelys vind die notule van die vergadering van vermelde werksgroep wat plaasgevind het op Vrydag, 12 Februarie 2016.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoud van die notule van die SALGA se "Economic Development and Planning" werksgroepvergadering van 12 Februarie 2016.

7. NUWE SAKE

7.1 KONTRAKAANSTELLING VAN WAARNEMENDE DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE (4/3/2/1)

Sedert mnr K C Cooper gedurende Julie 2015 met siekverlof is, het eers mnr P J Swart en daarna mnr C F Gerber met ingang van 15 September 2015 waargeneem as Direkteur: Finansiële Dienste.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank mnre Swart en Gerber vir die onbaatsugtige diens wat onder moeilike omstandighede gelewer is, en versoek die Munisipale Bestuurder – wat dit beaam – om die verslag te behandel.

Die Munisipale Bestuurder spreek sy kommer uit dat dit nie in die beste belang van Swartland Munisipaliteit is om vir so 'n lang periode sonder 'n Direkteur: Finansiële Dienste te wees nie. Die aansoek om ongeskiktheid van mnr Cooper is reeds ingedien by die onderskeie fondse, maar word die uitslag nog afgewag – daar het dus nog nie 'n vakature ontstaan nie.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat wanneer die vakature ontstaan, daar ingevolge die betrokke wetgewing soos genoem in die verslag, opgetree sal word.

7.1/...

Intussen is mnr Mnr Bolton, wat voorheen werksaam was by Swartland Munisipaliteit as Bestuurder: Voorsieningskanaalbestuur, genader om op te tree as waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste met ingang van 18 April 2016. 'n Volledige *curriculum vitae* van mnr Bolton is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat, mnr M A C Bolton, met ingang vanaf 18 April 2016 as Waarnemende Direkteur Finansiële Dienste aangestel word totdat ‘n vakature ontstaan en die Raad besluit om ‘n waarnemende bestuurder aan te stel vir ‘n periode wat nie drie maande sal oorskry nie;

(b) Dat ‘n kontrak met mnr Bolton gesluit word, en sy vergoedingspakket vir doeleindes daarvan vasgestel word in terme van die regulasies betreffende die *Upper Limit of Total Remuneration Packages Payable to Municipal Managers and Managers Directly Accountable to Municipal Managers in GNR 225, GG 37500* gedateer 29 Maart 2014, en die regulasies met betrekking tot die *Total Remuneration Packages Payable to Municipal Managers and Managers Directly Accountable to Municipal Manages* gepubliseer as GNR 578 in GG 38946 gedateer 1 Julie 2015.

7.2 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGSKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE: 1 JANUARIE – 31 MAART 2016 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies bepaal dat daar op ‘n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die *Supply Chain Management Policy* (slegs beskikbaar in Engels) se implementering vir die periode 1 Januarie tot 31 Maart 2016 wat ingevolge artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies voorgelê moet word, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C).

7.3 HALFJAARLIKSE VERSLAE VAN DIE PRESTASIE, RISIKO- EN FINANSIËLE OUDITKOMITEE VIR DIE PERIODE 1 JULIE TOT 31 DESEMBER 2015 (11/1/3/1/7)

Ingevolge die mandaat van die Prestaise, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee moet die halfjaarlikse verslag van die komitee aan die Raad voorgelê word.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat die Ouditkomitee uit drie dissiplines bestaan, naamlik (1) Prestasiebestuur, (2) Risikobestuur en (3) Finansiële Bestuur en is die verslae van die onderskeie dissiplines tot die sakelys aangeheg.

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat daar beoog word om in die nuwe finansiële jaar eksterne kundigheid in te koop om die Munisipaliteit behulpsaam te wees met die identifisering van risiko's en risikobestuur, aangesien die gewenste resultate met die "shared services"-model nie verkry kon word nie.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse verslae van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 31 Desember 2015;

(b) Dat verder kennis geneem word van die kommer wat deur die Ouditkomitee uitgespreek is oor die volgende aspekte:

(i) Die nie-tydige of laat implementering van interne ouditbevindinge wat 'n negatiewe invloed kan hê op die kontrole omgewing; en

7.3(b)/...

(ii) Stadige implementering ten opsigte van Risikobestuur wat veroorsaak dat die proses vir die implementering van "combined assurance" daardeur vertraag word.

7.4 ONDERSOEKE NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)

Die verslag bevat die drie gevalle wat ingevolge die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) as vrugtelose en verkwiste uitgawes beskou word en wat voor die Dissiplinêre Raad gedien het.

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag ter verduideliking van die gevalle wat ingevolge die MFMA ondersoek moet word. Mnr Scholtz noem verder dat tydens die onlangse interaksies met personeel aangaande die waterbesparings, daar telkens 'n beroep op amptenare gedoen is om hulle nie skuldig te maak aan bedrog en korrupsie nie.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 26 Mei 2016)

(a) Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die Rekords van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad soos per Aanhangsels A tot hierdie verslag met betrekking tot die vrugtelose en verkwiste uitgawes rakende die betaling van die volgende:
   (i) Regskostes aangegaan vir stappe geneem vir wanbetaling van munisipale rekening;
   (ii) Bybetaling aan versekeringsfirma vir die herstel van fotostaatmasjien; en
   (iii) Bybetaling aan versekeringsfirma vir die herstel van voertuig.
   (Volledige ondersoekverslae is beskikbaar by die kantoor van die Bestuurder, Interne Oudit)

(b) Dat die aanbevelings van die Dissiplinêre Raad soos vervat in Aanhangsels A tot die verslag goedgekeur en geïmplementeer word.

7.5 KANTOORAKKOMMODASIE: MOORREESBURG SPORTFORUM (12/1/3/1-9/1)

Die Raad verhuur die kantoor wat bekend staan as die ou Toerismekantoor te Moorreesburg aan die Moorreesburg Sportforum. Die huurtermyn verstryk op 30 April 2016.

BESLUIT

(a) Dat die ou Toerismekantoor te Moorreesburg met ingang van 1 Mei 2016 vir ‘n verdere termyn van 12 maande aan die Moorreesburg Sportforum verhuur word ter uitvoering van hul administratiewe funksies;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10,00 plus 14% BTW per maand;

(c) Dat die huidige huurvoorwaardes sal bly geld.

7.6 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY TENNISKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury tennisfasiliteite (by die Dieprivier-sportgronde) aan die Malmesbury Tennisklub op 'n jaar tot jaar basis. Die huurtermyn verstryk op 30 April 2016.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Malmesbury Tennisklub, met ingang van 1 Mei 2016, aangegaan word vir die huur van die fasiliteite op ‘n maand tot maand basis wat nie 12 maande sal oorskry nie;

7.6/...

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10,00 per jaar plus BTW;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes gehandhaaf word.

7.7 HUUROOREENKOMS: VODACOM (15/4/6)

Die basisstasie van Vodacom te Yzerfontein is geleë op die perseel van die toerismekantoor. Vodacom huur die perseel sedert 1 Mei 2006 en het skriftelik aansoek gedoen om die perseel vir 'n verdere termyn van 4 jaar en 11 maande te huur.

BESLUIT

(a) Dat die perseel van die toerisme kantoor te Yzerfontein vir ’n verdere termyn van 4 jaar en 11 maande aan Vodacom verhuur word vir die lewering van ’n telekommunikasie netwerk met ingang van 1 April 2016;

(b) Dat maandelikse huurgeld van R292.93 (BTW uitgesluit) gehef word;

(c) Dat die huurgeld jaarliks gelykstaande aan die inflasiekoers eskaleer, met ingang van 1 Mei 2016;

(d) Dat die huurvoorwaardes soos tans geld van krag sal wees.

7.8 VERHURING VAN GEDEELTE VAN ERF 1384, ABBOTSDALE AAN DIE ABBOTSDALE BUURTWAG (12/2/R)

'n Skrywe is ontvang vanaf die Abbotsdale Buurtwag waarin toestemming versoek word om 'n vraghouer op erf 1217, Abbotsdale te kan oprig, vir doeleindes van 'n sentrum/kontakpunt om misdaad aan te meld.

Die voorsitter noem dat dit belangrik is om die inkoop van die SAPD te verkry, aangesien daar noue samewerking met die buurtwag sal moet plaasvind. Dit is verder belangrik dat die Munisipaliteit 'n huurooreenkoms aangaan met 'n erkende entitiet, en dat dit eerder 'n Gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) moet wees.

BESLUIT

(a) Dat opdrag aan die Direkteur: Beskermingsdienste gegee word om in gesprek te tree met die Abbotsdale Buurtwag om eerder in samewerking met die SAPD 'n gemeenskapspolisiëringsforum te stig;

(b) Dat die Direkteur: Beskermingsdienste verder verneem na die spesifieke behoeftes vir die inrig van die vraghouer ten einde die volledige aansoek vir oorweging na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te bring.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE: MAART 2016 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter spreek sy kommer uit dat die uitstaande debiteure op 'n maandelikse basis styg, wat daaraan toegeskryf kan word dat die diensterekening onbekostigbaar raak of dat die betaling van die diensterekening nie as prioriteit beskou word nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Maart 2016.

7.10/...

7.10 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter wys daarop dat die bybetalings vir die periode 1 Julie 2015 tot 31 Maart 2016 'n bedrag van R213 522,59 beloop en dat die bybetalings ten opsigte van uitstaande eise R16 500,00 beloop.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.11 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 1270, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11) (WYK 12)

Die voorsitter noem dat hierdie aansoek reeds voor die Uitvoerende Burgemeesters-komitee gedien het op 13 Mei 2015, maar dat dit terug verwys is weens nuwe kommentaar wat vanaf die distrikpadingenieur ontvang was. Hierdie kommentaar is intussen aangespreek en kan die aansoek oorweeg word.

Gevolglik word aansoek gedoen namens die eienaars, *Jovanka Schrickker & Bruce Arnold Daniels*, vir die hersonering van erf 1270 (743m²), geleë te Piet Retiefstraat, Riebeek Kasteel vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n woonbuurt gimnasium te bedryf.

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die hersonering van erf 1270 (743m²), geleë te Piet Retiefstraat, Riebeek Kasteel vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde ‘n woonbuurt gimnasium vanaf die perseel te bedryf, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) Bouplanne vir die voorgestelde gimnasium aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;

(b) Ten minste 8 op-perseel parkeerplekke soos voorgehou op die terreinontwikkelingsplan gedateer Junie 2015, voorsien word;

(c) Die parkeerplekke van ‘n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat dit duidelik gemerk word;

(d) Die nodige aansoek vir die vertoning van ‘n advertensieteken aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;

(e) Die nodige aansoek vir ‘n handelslisensie by Swartland Munisipaliteit, asook ‘n geskiktheidsertifikaat by die Weskus Distrikmunisipaliteit vir die bedryf van die kafeteria gedoen word;

(f) Die kafeteria nie as ‘n restaurant bedryf word nie;

(g) Enige geraas wat deur die aktiwiteite van die gimnasium opgewek word beperk word tot binne die grense van erf 1270;

(h) Die besigheidsure van die gimnasium beperk word vanaf 7:00 tot 18:00 Maandae tot Vrydae en vanaf 07:00 tot 13:00 Saterdae;

(i) Die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar uitvoering aan die voorwaardes gegee is;

7.11(A1)/...

(j) Die hersonering ingevolge artikel 16(2)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n tydperk van twee jaar geldig is;

(k) Die beswaarmaker op haar reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

A2 RIOOL

(a) Die voorgestelde gimnasium van ‘n enkele rioolaansluiting voorsien word;

A3 WATER

(a) Die voorgestelde gimnasium van ‘n enkele wateraansluiting voorsien word;

A4 STRATE EN STORMWATER

(a) Die voorgestelde parkeerareas en sypaadjie waaroor die parkeerplekke toegang verkry, van ‘n permantente oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word;

A5 VULLISVERWYDERING

(a) Die basiese vullisverwyderingstarief vir die besigheid gehef word en dat die tarief aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(b) Dat die vullis in vullissakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

A6 KAPITAALBYDRAE

(a) Die vaste kapitaalbydrae ten opsigte van paaie ten bedrae van R60 874,56 aan die Munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(b) Die vaste kapitaalbydrae ten opsigte van riool ten bedrae van R1 077,30 aan die Munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(c) Die vaste kapitaalbydrae ten opsigte van afvalwater behandeling ten bedrae van R9 644,40 aan die Munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59- 76-86-00-6220 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

(d) Ingevolge ‘n Raadsbesluit van Swartland Munisipaliteit gedateer Mei 2015 is daar ‘n 40% korting op die kapitaalbydraes van toepassing. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;

A7 ESKOM

(a) Indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) Die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;

(c) Die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

A8 ALGEMEEN

(a) Indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees;

A9/...

7.11/...

A9 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) In die onwaarskynlike geval dat Hoofweg 226 in die toekoms verbreed moet word sal die eienaar alternatiewe parkering vir die gimnasium moet soek;

(b) Indien die huidige of toekomstige eienaars die eiendom verkoop, moet die bogenoemde voorwaarde vir die voornemende koper uitgewys word in die proses van oordrag soos vereis in die Wet op Verbruikersbeskerming van 2008 (Wet 68 van 2008);

(c) Die parkering uitleg moet voldoen aan die nuutste voorstel vervat in die brief RK/9001/1J van CK Rumboll en Vennote gedateer 8 Junie 2015;

(d) In terme van die Paaie Ordonnansie 19 van 1976 keur die Departement van Vervoer en Openbare Werke die konstruksie van die parkeerplekke in die statutêre 25m breedte van Hoofweg 226 goed sowel as die verslapping van die statutêre 5m boulyn na nul meter;

B Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

(a) Die voorgestelde hersonering is met die ruimtelike beplanning van Riebeek Kasteel versoenbaar;

(b) Die ontwikkelingsvoorstel voldoen aan alle soneringsparameters van die voorgestelde sakesone 2 sonering.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER